Solidariteit Regsdienste Beroepsgesondheid en -veiligheid-afdeling:

Die Beroepsgesondheid en -Veiligheidafdeling se doel is die beskerming van die regte en belange van Solidariteit-lede in die strewe na ‘n gesonde en veilige werkplek. Die afdeling behartig ook kwessies met betrekking tot beserings aan diens. Dit is een van die belangrikste skakels wat deel vorm van Solidariteit se fundamentele waardes en waardeketting wat die omvattende beskerming van ons lede behels. Weens die industriële en gevaarlike aard van die bedrywe waarin Solidariteit-lede werksaam is, is die beskerming van ons lede in die werksplek vóór sowel as ná werkplekbeserings van uiterste belang.

Die belangrikste funksie van BGV is eerstens om beroepsbeserings en -siektes in die werkplek te voorkom. Tweedens gaan dit oor die beskerming van die werknemer teen en die vermindering van die negatiewe gevolge van beroepsbeserings en -siektes nadat dit plaasgevind het. Laasgenoemde funksie word hoofsaaklik verrig deur die Beserings-aan-Diens (BAD)-kantoor van die BGV-afdeling.

Die wet op vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, Wet 130 van 1993, maak voorsiening vir die vergoeding van arbeidsongeskiktheid wat veroorsaak word deur beroepsbeserings en -siektes opgedoen deur werknemers in die loop van hulle diens, of vir dood as gevolg van sodanige beserings of siektes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wie is ‘n werknemer?
Enige persoon wat ‘n dienskontrak met ‘n werkgewer aangegaan het. Die kontrak kan skriftelik, geïmpliseerd of uitdruklik wees en is van toepassing op tydelike en permanente werknemers.
Wie is ‘n werkgewer?
Enige persoon wat ‘n werknemer in diens het, die staatsdiens ingesluit.

- Kontak die Solidariteit Regsdienste Beroepsgesondheid en –veiligheid-afdeling by (012) 644 4343.
- Meld jou saak aan by Solidariteit Regsdienste.
- BAD-BGV Mandaat/ Klagtevorm

Lees meer oor Beroepsbeserings onder Verskillende Sake, Tipe Sake

Vir alle verwysingsvorms rakende Beroepsiektes soek onder verwysingsvorms.

Sien gerapporteerde sake vir Howe se uitsprake oor spesifieke gevalle.